
Jong BURGER

Maandag 31 Maart 1997 | Redakteur: Michelle Marais: ☎ (021) 406-2222/2538



José doRego wys hoe hy die sirkusgehore ook met kegeltoertjies vasgevang hou. Foto: Brandon-Amron Coetzee

## Lees binne



JONG SWEMSTER BL.6

David Durheim is die nasionale o.12 vlinderslag kampioen in die 200m.



MUSIEK BL.8

Lees meer oor David Bowie se nuutste musiek in JongBurger se musiekrubriek.

# Jong koorddanser reik na loopbaan in sirkus

Louré Stephan

DUISENDE toeskouers by die Wingerdfees op Vredendal was verstom toe 'n koorddanser van die Zip Zap Sirkus danspassies op 'n draad van sowat 3 m tussen twee pale uitgevoer het.

Dié jong ster, José do Rego, het met JongBurger gesels. Uit die staanspoor het dit geblyk dat die sirkusartieste in die sirkus feitlik geen tyd het om sosiaal te verkeer nie.

"En ek voel glad nie sleg daaroor nie, want die sirkus is vir my alles," sê José (16), 'n leerling in std. 9 vanjaar.

Sy skoolwerk word gelukkig nie deur die sirkus benadeel nie aangesien daar tydens skoolkwartale net oor naweke geoefen word.

In 1992 het Brent van Rensburg, bestuurder van Zip Zap, die Christian Brothers College (CBC) besoek waar hy entoesiastiese kinders gesoek het om aan die projek deel te neem. Dis juis hier waar José die geleentheid aangegryp het en deel geword het van die sirkuswêreld.

Dit is as 'n sirkusskool beskou en kinders is geleer hoe om sekere kunsies te bemeester. Slegs drie van die skool se leerlinge is op die ou einde tot die regte sirkus toegelaat.

Die Zip Zap span se beleid is om geen diere te gebruik in hul vertonings nie. Volgens Brent is dit net "eenvoudig onregverdig dat diere soos gevangenes in hokke gehou word as hulle nie eens iets verkeerd gedoen het nie".

Die Zip Zap sirkus groei steeds en het reeds by verskeie geleenthede soos die Grahamstadse Kunsfees opgetree en selfs 'n vertoning gelewer in die Gold Reef City vir president Mandela om sy 77e verjaardag te vier.

Die sirkus was ook in Denemarke vir die *Images of African Festival* en het onlangs sukses behaal met hul Sanlam advertensie met die hoogste sweefstokke.

Vir José is dit lekker om dit te doen waarvan hy hou en met die sirkuswerk soveel verskillende plekke te sien.

Wat hy in sy vrye tyd doen? "Ek eet, slaap en kan soms televisie kyk, " sê José. Hy beplan om dalk eendag 'n loopbaan in die sirkuswêreld aan te pak. Met soveel moeite en tyd wat hy spandeer aan oefeninge en optredes is dit goed te verstane.

Wanneer hy egter wel kans kry om dalk 'n rolprent te gaan kyk, sal dit verkieslik dié van Sandra Bullock of Sharon Stone wees. *A Time to Kill* was vir hom een van die beste rolprente.

"Ek geniet dit ook om vir ontspanning krieket te speel," sê José. Hy speel vir sy skool se eerste span en het al die krieketuitblinker, Fanie de Villiers, ontmoet.

José sê dat Fanie 'n baie goeie persoonlikheid het, nie net tussen mense nie, maar ook teenoor 'n krieketwedstryd.

Ondanks die feit dat hy baie tyd aan die sirkus afstaan, is Parys, Frankryk, een van die plekke wat José die graagste sal wil besoek.

"Ek is net mal oor die argitektuur, die mense en natuurlik die taal. Alles is so mooi daar," het José gesê.



Hy ken nie iets soos hoogtevrees nie. José do Rego klim op die ankertoue van die sirkustenk meters bo die grond. Foto: Brandon-Amron Coetzee